www.moederkerk.co.za / www.kruiskerk.co.za

339 jaar van genade
1686—2025

'n Rivier van Lewende Water


## NGK Stellenbosch

# Gemeenteblad

Jaargang 25: 2025 **B:** WAT SIEN JY?

Kyk binne vir:


Boekresensie 4



Dankoffers 5


Indlela 6


insluit. Hy
Transkei Werkers 9


Saamwerk: Legacy 11


MASANDISE STUDIEHULP
STELLUMTHOMBO
Groot Uitdaging 14


Stilkerk 17


Chippie se nessie 20

# Nuwe Boek oor die Gemeente

Die samesteller van die nuwe pragboek oor Moederkerk-Kruiskerk, Johan Krige, vertel dat twee uitgangspunte hom beweeg het om 'n boek oor die fisiese aspekte van die kerkgebou saam te stel: (Vervolg hiernaas)




* Sy lewensfilosofie is: *As iets nie neergeskryf is nie, het dit nie gebeur nie.*

* Hy wil aan sy twaalf kleinkinders iets van hul oupa se doen en late nalaat.

Aanvanklik sou die werk die bydrae van die Historiese Bediening en die fisiese aspekte van die verskillende kerkeiendomme behels. Mettertyd het dit 'n baie breër fokus gekry. Die aanmoediging van verskeie van Moederkerk se leraars het uiteindelik 'n wydlopende raamwerk vir die opteken van die kerk se geskiedenis as opvolger van twee ouer boeke deur Moederkerklidmate daargestel.

Die aanmoediging van verskeie leraars het dus bygedra tot die finale opset van die boek.

Johan van der Merwe het eerstens voorgestel dat die werk méér as slegs 'n uiteensetting van Moederkerk se verskillende bouprojekte moet wees: dit moet ook die Gemeente se ander bedieninge betrek.

Hannes Koornhof het 'n waardevolle bydrae gemaak met inligting oor die kerk se jongste geestelike ontwikkeling en veranderde geestelike opset, waarin elke gemeentelid nou as belangrike skakel binne die gemeente se getuienis (beide na binne en na buite) gesien word, en as sodanig dien (sien Deel Een van die boek). *Vervolg, met foto's, op bladsy 2*




Johan Krige se bronne:
Kerkbulletins (voor die e-Nuus)
En Gemeenteblaaie sedert 2002

Hierbinne staan die gemeente se Getuienisvisie sentraal.

*Ons*
*Stellenbosch Moedergemeente*
*wil in afhanklikheid van God*

`n Rivier van Lewende Water

*wees*

*Ons bely dat*
*Jesus Christus die lewende water*
*God die Vader die oorsprong en*
*die Heilige Gees die vernuwende krag is*

*Ons bid dat*
*hierdie lewende water*
*soos `n bruisende stroom*
*deur ons gemeente sal vloei*
*en wyd sal vertak*
*om die gemeenskap en die wêreld*
*te reinig, lewe te gee*
*en hoop te bring*

**Verkorte weergawe van die bekendstelling van sy boek oor die kerk deur Johan Krige**

Die resensie deur dr Andrew Kok hierbinne (op bladsy 4) gee 'n beknopte maar tog volledige uiteensetting van Krige se onderafdelings, wat elk ryklik geïllustreer word. Daar word van verskillende tegnieke gebruik gemaak om die inligting op 'n illustratiewe wyse aan te bied. Hiervoor is eerstens die dienste van 'n taalversorger en tweedens van 'n talentvolle grafiese ontwerper ingeroep

Die opset van die bladsye is interessant, met blokkies met opsommings, stukke inligting en kronologiese lyste. (Sien voorbeeld hiernaas).

Die skryfstyl neig na 'n verteltrant ter wille van leesbaarheid. Sowat 40 skakelpersone uit die verskillende bedieninge het meegewerk, vir verskaf van inligting, sowel as hulp met voorlopige proeflees.

**Bestellings: R900 by Kerkkantoor**

## Oor die skrywer

Johan Krige is as lid van die Boukommissie al die afgelope 30 jaar betrokke by 'n héle reeks van Moederkerk se bouprojekte. Dit wissel van die geleidelike installeer van die kleurglasvensters oor 'n tydperk van 21 jaar tot die veranderinge aan die Hofmeyrsaal en die reeks museums en argiewe onder die orrel en op die agterste twee galerye. Hy en sy geesgenote by die gemeente se Historiese Bediening het dit as hul roeping gesien om dokumente, artefakte en beeldmateriaal te orden en te bewaar. Hierdie boek dien dus as sy nalatenskap (tesame met twee familiegeskiedenisse wat hy tydens die Covidtydperk opgeteken het).

**BOUPROJEKTE**

| PROJEK | BEGIN | VOLTOOI |
|---|---|---|
| Vensters | 1994 | 2015 |
| Kerkgebou opknap | 1995 | 1999 |
| Terrein | 1999 | 2007 |
| Hofmeyrsaal | 2001 | 2007 |
| Kerkhuis | 2000 | 2001 |
| Museum o.d. Orrel | 2008 | 2015 |
| Argief o.d. Galery | 2013 | 2014 |
| Bouwerk Museum | 2014 | 2016 |
| Historiese Bediening | 2008 | 2016 |

**Navrae:** johan.krige@caledonvilla.co.za

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o00o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0

# Pinkster was wéér met ons – Die Fees van die gees!



Pinkster in Stellenbosch Moedergemeente is sino-niem met die eerste winterkoue, heerlike sop en brood en die Fees van die Gees. Vanjaar het ons op 1 tot 5 Junie by die denke van die Nederlandse teoloog Van Ruler aangesluit wat dit stel dat, wanneer Christus sy werk doen, dit die mens uitsluit. God doen sy werk in Christus (redding en verlossing) beide *vir* die mens en totaal *sonder* die mens. Maar, sê Van Ruler, as die Gees (in die Pinkstertyd) kom, verander dit. Die Gees word uitgestort op ménse en dan word die mense inge-skakel en déél gemaak van God se werk op hierdie aarde.

Om ons vanjaar in die gees van Pinkster en in die werk van God se Gees te begelei, was ons bevoorreg om van 1 Junie af vir Jaco Strydom by ons te verwelkom. Jaco, 'n leier van die *Echo*-jeuggemeenskap en is gekoppel aan Villieria Gemeente. Hy is 'n rubriekskrywer, *blogger*, skrywer en avonturier. Jaco het in Randburg, Johannesburg gematrikuleer en in die Teologie aan die Universiteit van Pretoria gestudeer. Daarna het hy baie gereis en tyd in Indië, Suid-Asië en ook in Afrika deurgebring.

Jaco is 'n vrye gees en baie entoesiasties oor sy kajak, met menige voltooide solovaarte in plekke soos Mosambiek, Tanzania, die Andaman Eilande, Zanzibar en ander eksotiese bestemmings agter sy naam.

Jaco skryf gewilde en baanbreker nie-fiksie boeke soos *Confessions,* oor kerkwees, *Leef lig* en *Alle sondaars welkom*. *Daka* is sy eerste fiksieverhaal. Jaco se liefde vir die Filosofie kom na vore in sy skryfwerk en uit 'n sin soos dié uit *Daka*: "Maar stilte, soos duisternis, koue en eensaamheid is nie iets nie – dis die afwesigheid van iets." Jaco se keuse vir eenvoud en minimalisme word verwoord as hy skryf: "My hele lewe was in 'n rugsak. Nogal 'n bevrydende gevoel, wat ek kan aanbeveel. Soveel bekommernisse gaan oor die goed wat ons besit. Op die ou end besit dit ons."

Met hierdie wysheid van hom en die deel van sy eie egte reis met God, het ons sy besoek aan ons gemeente in die eerste week van Junie werklik as 'n ware **Fees van die Gees** ervaar.

*Marié Britz (marie@moederkerk.co.za )*

(sien foto van Jaco hiernaas op bladsy 3)

# Die opdragverdeling binne die predikantespan

Ons gemeente is bevoorreg om 'n groot predikantespan te hê, waarbinne elke leraar volgens sy of haar besondere gawes gebruik kan word.


Marie Britz

Marié Britz tree op as die spanleier wat verantwoordelikheid neem vir algemene bestuur en visioenering binne die gemeente, asook spiritualiteitsvorming, kleingroepe en algemene pastoraat. Sy neem ook verantwoordelikheid vir die oorhoofse beplanning van die erediens-te in die Moederkerk.


Johan vd Merwe

Johan van der Merwe is 'n tentmakerpredikant in ons gemeente met sy fokus op prediking en die Stellumthombo-direksie (die bestuur van Moederkerk se liefdadigheidvleuel).


Jan van Zyl is verantwoordelik vir ons gemeente se gemeenskaps-projekte en ons betrokkenheid by bedieninge wyer as binne Stellenbosch, wat ook die


Jan van Zyl

ondersteuning van ons sendelinge insluit. Hy is verder verantwoordelik vir 'n verskeidenheid kursusse, wat onder andere, die jaarlikse ouerskaps- en huweliksvoorbereidings-kursus insluit. Die Kontemplatiewe erediens in die kapel by die Kweekskool is ook Jan se verantwoordelikheid. Daarbenewens is hy medeverantwoordelik vir pastorale bediening aan ons gevestigde lidmate.


Fourie Rossouw

Fourie Rossouw is die jongste toevoeging tot ons span. Hy is spesifiek beroep met die verantwoordelikheid van ons familiebediening, wat kategese en tienerbediening insluit. Prediking en pastoraat, veral binne die gevestigde gemeente, vorm 'n verdere belangrike deel van sy werk.


Irénée Heyns


Jaco Strydom, Gasprediker by Pinksterreeks, 1-6 Junie

Irénée Heyns en Angelique Havenga is verantwoordelik vir ons gemeente se studente-bediening in Kruiskerk.

Irénée se fokus binne die studentebediening lê veral by die uitreike en die musiekbediening, terwyl Angelique se fokus veral op die kleingroepbediening gerig is.


Irénée is ook verantwoordelik vir die oorhoofse beplanning van ons informele eredienste in die Hofmeyrsaal en vir kommunikasie binne die breë gemeente.


Angelique Havenga

Angelique neem verder ook verantwoordelikheid vir die jong volwassenes in ons breë gemeente en die ontwikkeling van kleingroep-materiaal, wat ook jaarliks die Sewe Weke-proses insluit.

Alhoewel Irénée en Ange-lique in al ons erediens-ruimtes optree, is dit veral die ere-dienste in Kruiskerk wat hulle aandag en fokus geniet.

Ons is ook bevoorreg om Elmarie van Huysteen as deel van ons span te hê, wat verantwoordelikheid neem vir die bediening in ons aftree-oorde. Elmarie hanteer die Bybelstudies, eredienste


Elmarie van Huyssteen

en pastorale versorging van ons aftreeoorde en senior lidmate.Ons is dankbaar vir 'n span met 'n verskeidenheid gawes, passies en belangstellings. Ons beleef hierdie verskeidenheid as 'n geskenk aan die gemeente.

**MB**

**STELLENBOSCH MOEDERKERK**
DROSTDYSTRAAT 2
7600 STELLENBOSCH
TEL: 021 883 3458
FAKS: 021 886 4041
kantoor@moederkerk.co.za
www.moederkerk.co.za
LERAARSPAN
ALLE URE: 074 354 0088
Marie Britz
Jan van Zyl
Irénée Heyns
Johan van der Merwe
Angelique Havenga
Fourie Rossouw
Elmarie van Huyssteen

RESENSIE DEUR DR ANDREW KOK

# ’n Boek om te hóú

*’n Rivier van Lewende Water 1990 – 2024* is die verhaal van die NG Gemeente Stellenbosch, of, soos dit in die volksmond bekend is, Moederkerk en Kruiskerk. Die *Moederkerk* is die 1686-gemeente en *Kruiskerk* is die Stellenbosse studentegemeente wat in 1985 van Stellenbosch Sentraal afgestig is, en in 2007 by Moederkerk ingelyf is..

Hierdie is ’n omvattende werk van bykans 600 bladsye, wat die werksaamhede van die gemeente oor die jongste 25 jaar weergee. Die verrassende deel kom egter aan die einde van die bundel, waar die eiendomme van die gemeente oor bykans die hele 339 jaar beskryf word. Die verhaal word in agt verskillende dele onder die loep geneem.

In die eerste deel word die **geestelike heroriëntering** van die gemeente bespreek. Hier word die nuwe visie van die gemeente beskryf, wat ontstaan het uit ’n beplanningsnaweek van die Visioneringsgroep in April 2000. Dit sou kulmineer in ’n Visiefees op 12 November 2000. Dit word alles gebaseer op *Esegiel* 47:1-12 en *Johannes* 7:37-38. Dit sou lei tot struktuurveranderinge en ’n visie van waar almal in die gemeente *gestuurdes* is. Dit sou ondersteun word met ’n netwerkbedieningstelsel.

In deel twee word die **bedieninge binne die gemeente** bespreek. Hier word veral gefokus op die werksaamhede van 19 bedieninge plus ’n verdere vyf, wat onder *Studentebediening* ressorteer. Die volgende word bespreek: Eredienste (klassiek, meditatief, informeel, kleuters en kinders, tieners en studente, en ’n internasionale diens); en dan Tienerbediening; Werkende jongmense; Huweliksvoorbereiding; Leiding in positiewe ouerskap; Familiebediening; Bediening aan seniors (onder andere Azaleahof en Utopia); Kleingroepe; *Retraits*; Eredienswerkgroep; Bybelbediening; Pastorale bediening; *Grey matters* (tans opgeskort); Vrygewigheidsbediening; Manne-aand en Vroue-aand; Kuierfees; Historiese bediening (hier word uitgebreid vertel van die werksaamhede van hierdie groep, waaronder skandering van ou dokumente, die publisering van die Palmakronieke, en tema-albums); en Toeristebediening.

Onder die studentebediening word die beginjare van die Studentekerk bespreek en hoe dit Kruiskerk geword het. Aktiwiteite soos eerstejaarskampe,  finalejaarskampe en diens aan internasionale studente (sogenaamde *FANS*) word hier behandel.

In hierdie deel word die kerkraad, predikante en personeel ook bespreek. Voltydse aktiwiteite soos dié van die orrelis, kerkkoor, oudiovisuele bediening, kommunikasie, en die blommebediening kom hier aan die orde.

Die derde deel van die bundel handel oor die **bedieninge van die gemeente binne die Stellenbosch gemeenskap**. Hiervan is Stellumthombo, die niewinsgewende sambreelorganisasie van die gemeente, seker die bekendste. Dit sluit projekte soos *Straatlig* (hulp aan haweloses, later beëindig), *Becoming Kids* (hulp aan kinders in Cloetesville, weens Covid gestaak); en *Masandise Studiehulp* in. Ander projekte is die Huisbou in Mfuleni en Wallacedene saam met *Habitat for Humanity*-projekte; die *Voedingsaksie* op Bergzicht-plein,  by Noord-Kerk, Windmill en Plankenstraat; *Naaldwerkaksie* in Kayamandi; *Trap der Bosch* – ’n fietsrystelsel om geld in te samel vir die kinderhuise op Wellington, Durbanville en Robertson; die *Motorfietsbediening* vir die insameling van fondse vir MIV/VIGS-bestryding; *Kingfisher Mobiliseringsentrum,* wat gemeentes help om na buite gerig te lewe; *Legacy* – samewerking met ander gemeentes met onderrig en opleiding; en *Indlela* – ’n alternatiewe stelsel van aanbidding oor grense heen saam met die VGK Idasvallei, Cloetesville en Kayamandi.

In deel vier word die **bedieninge van die gemeente binne die landsgrense** bespreek. Hier word veral aandag geskenk aan die *Transkei-Werkersaksie* wat sedert 1958 bestaan en werk doen op Cala, Canzibe en Decoligny, *Stranddienste* op verskeie kusdorpe, *Atlete vir Christus* wat sedert 1975 jaarliks toer, en *Oxlos,* ’n geestelike bediening deur ’n dansgroep.

Die vyfde deel behandel die **bedieninge buite die landsgrense**. Projekte wat beskryf word. is dié in *Mosambiek* waar werk op Chiconono ondersteun word, in *Lesotho* te Tebellong, later te Maputhseng en dan die Lesotho Hoop-projek op Malealea; *Maleisië* – Bybelvertaling onder leiding van  Hans Combrink; en *Japan* – die werk van die De Wets en Van der Watts.

Die sesde deel is ’n bespreking van die Bouwerkbediening. Hierdie bediening se werk word uitvoerig bespreek en strek oor die hele geskiedenis van die gemeente. Die eerste hoofstuk handel oor die **kerkvensters**. Die hele sage oor die vervanging van die ou vensters met brandskildervensters word in detail vertel. Dit strek oor ses periodes waar vensters in die skip en verskillende beuke van die kerk geïnstalleer is.

Die tweede hoofstuk van deel 6 vertel die voorgeskiedenis van die **Hofmeyrsaal** en hoe dit later in drie fases opgeknap en gerestoureer is.

Die derde hoofstuk vertel die geskiedenis van die **kerkgebou**, van die eerste kerkgebou af, tot die huidige (vierde) gebou van die gemeente. Hier word ook in detail bespreek hoe die gebou gerestoureer, opgeknap en vernuwe is. Aandag word ook aan die grafte en grafkelders gegee.

Deel ses se vierde hoofstuk handel oor die **Kerkhuis,** wat die kerkkantore huisves. Dit gee eerstens ’n historiese oorsig van die gebou en bespreek dan die groot restourasie van 1962 en sy herinrigting in 2001.

Die laaste hoofstuk van hierdie deel behandel die inrigting van die klein sogenaamde “**Museum-onder-die-orrel**” en “**Argief-op-die-Galery**” en al die gepaardgaande bouwerk.

In die sewende deel is daar **drie bylaes** opgeneem. Dit bespreek die orrel, klokke en preekstoel. Hierdie deel skets breedvoerig die hele geskiedenis daarvan oor meer as driehonderd jaar. In dié tyd was daar opeenvolgend vier kansels, vier klokke en vier orrels.

Hierna volg ’n reeks **registers**.

Die eerste is ’n personeregister met ’n aanduiding van elk se verantwoordelikhede oor tyd .  Die tweede is ’n register van bedieninge en onderskeie temas. Die derde som die aktiwiteite van die bouwerkbediening op. Hierna word opeenvolgend die orrel, klokke en kansels gelys.

## Kritiese evaluering

Wanneer  ’n gemeente se geskiedenis opgeteken word, vind dit meestal oor tydperke van 50 of 100 jaar plaas. Dit dek gewoonlik ’n groot tydperk. Wat hierdie gedenkbundel besonders maak, is dat dit slegs ’n kort tydperk van 35 jaar dek, maar in diepte, met fyn besonderhede.

Hierdie is dus ’n baie gedetailleerde weergawe van die werksaamhede van die gemeente. Dit lewer gevolglik ’n besonderse bydrae tot die mikrogeskiedenis van die gemeente. Die fyner geskiedenis van ander gemeentes se bedrywighede  word merendeels oorgesien. Hierdie bundel lewer egter ’n unieke bydrae tot die mikrogeskiedskrywing van ’n aanbiddingsgerigte gemeente.

’n Punt van kritiek kan geopper word dat die detail té omvangryk is en dat die essensie in korter afdelings saamgevat sou kon gewees het. Dit weeg egter nie op nie teen die waarde van die behoud van die gemeenskap se fyner geskiedenis nie.

Die werk word ryklik geïllustreer met foto’s en sketse, insluitend verskeie argivale foto’s. Een van die voordele is dat dit ook foto’s insluit van die “selfie-generasie”-studente, waar foto’s op selfone bly lewe, maar selde gepubliseer word. Hierdie fotografiese getuienis lewer dus ’n waardevolle bydrae.

| Ten slotte: die bundel kan ten sterkste aanbeveel word. Met sy spesifieke fokus op die jongste 35 jaar,  verbreed die boek kennis van hierdie meer as 300-jarige gemeente en die onlangse geestelike vernuwing. Dit is boeiende leesstof  vir almal wat in kerk- en gemeentegeskiedenisse  geinteresseerd is.

**AK**

MOEDERKERK SE FINANSIES

# Seën op die 2024 Dankofferinsameling, en verder...


Ek wil graag namens Moederkerk vir elke gemeentelid persoonlik bedank vir jul volgehoue ruimhartige finansiële ondersteuning. Julle stel Moederkerk in staat om inderdaad ’n rivier van lewende water te wees.

Moederkerk het die afgelope jaar tot 28 Februarie 2025 vir ’n inkomste van R13.2 miljoen begroot. Ek is baie dankbaar om te kan rapporteer dat die werklike inkomste die begroting met ongeveer R300 000 oorskry het – hoofsaaklik te danke daaraan dat ons ons mikpunt vir jaarlikse dankofferbydraes met hierdie bedrag oorskry het. Dit word in die barometer hiernaas uitgebeeld. Die surplus van R300 000 is in die Moederkerk-boufonds gedeponeer, waaroor daar in ’n aparte artikel berig word.(sien bladsy 6).

Moederkerk se inkomste bestaan uit drie komponente: gereelde maandelikse bydraes en kollektes (ongeveer 50%), jaarlikse bydraes (ongeveer 25%) en beleggingsinkomste plus ander inkomste, soos byvoorbeeld verhuring van parkeerplekke (25%).

Die feit dat ons ons begrotingsdoelwit kon oorskry (soos wat die afgelope aantal jare ook die geval was), stel Moederkerk in staat om daadwerklik ’n rivier van lewende water in die groter Stellenbosch-gemeenskap en vér buite ons dorpsgrense te wees. Wesenlike ondersteuning word aan die VGK Idasvallei, VGK Cloetesville en VGK Kayamandi gegee, sowel as aan die verskillende sendinginisiatiewe in Lesotho, Mosambiek, Japan en Maleisië.

Nogmaals baie, baie dankie vir jul volgehoue finansiële ondersteuning. Moederkerk se Finansbestuur waardeer dit opreg.




***Niel Krige***
Voorsitter: Finansbediening
MOEDERKERK FINANSIES

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0

NUWE PASTORIEGESIN

# Welkom aan die Rossouws!

Ds Fourie Rossouw het op 1 Januarie 2025 by Stellenbosch Moederkerk se predikantespan aangesluit..







Fourie met Mareli, Jozua (8) en Elizabeth (6)

Fourie is einde 2024 beroep as medeleraar, met as opdrag Familie- en Jeugbediening. Die Rossouws het middel-Desember van Somerset-Wes na Stellenbosch getrek. Mareli is ’n senior lektor by die Skool vir Rekeningkunde aan die Universiteit Stellenbosch. Jozua is in graad 2 by Laerskool Stellenbosch en Elizabeth is in graad R, net om die draai van haar boetie se klas.

Fourie is ’n boorling van die Noord-Kaap, maar het in Ceres grootgeword. Hy is ’n kranige bergdrawwer, kok en broodbakker. Mareli is tans besig met haar PhD, is gek oor dahlias en is baie lief vir lees.

Die gesin hou baie van uitkamp en lekker kuier saam met goeie vriende. Strandfontein teen die Weskus is hulle hartsplek, maar Stellenbosch het reeds lankal vir hulle begin voel soos huis.

*Seën word op die gesin in hulle nuwe tuiste toegebid.* **Red**




*Indlela* is die isiXhosa woord vir "pad", of "weg". Die eerste gelowiges is die "Mense van die Weg" genoem, bedoelende dat hulle die *weg van Christus* gevolg het – sy manier van dink en doen.

Vir meer as 10 jaar nou al kom lidmate van Moedergemeente en die VGK gemeentes van Idasvallei, Cloetesville en Kayamandi een keer per kwartaal bymekaar vir 'n baie besonderse soort "erediens". Ons eet saam, ons deel ons stories met mekaar, ons gesels, ons sing, ons aanbid, *ons sien mekaar raak*. Hierdie saamstap met mekaar is 'n verruiming van harte waar ons van mekaar se gemeenskappe leer en 'n sensitiwiteit ontwikkel vir die behoeftes van ons breër samelewing.



Met ons eerste byeenkoms van 2025 het ons aangesluit by ons gemeente se jaartema uit Esegiël 47:6 *Sien jy dit, mens?*

Soms is dit moeilik om dinge in ons eie lewe, en in ons eie gemeenskappe, raak te sien omdat ons só subjektief betrokke is. Dan vra dit iemand anders om die spieël vir ons op te hou om wéér te sien, perspektief te kry. In ons saamgesels om tafels het ons die spieël vir mekaar se gemeenskappe opgehou met die volgende vrae:

- Wat is die positiewe wat jy raaksien in jou buurgemeenskap, buurgemeentes?
- Wat sien jy raak wat jou besorg en bekommerd maak?
- Waar sien jy die Here aan die werk binne dit alles?
- Hoe kan ons mekaar help?

*Ons wil hierdie gesprek voortsit en nooi lidmate uit om deel te neem aan ons volgende byeenkoms, op **Donderdagaand 19 Junie.***

**Navrae Jan va Zyl:** jan@ moederkerk.co.za





o0o0o0o0o0o0o0o0o00o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0

## 'n Boom het geval...

Almal van ons was baie hartseer toe 'n hewige windstorm in Januarie die groot eikeboom tussen Moederkerk en die Kerkhuis omgewaai het. Dit was 'n ware sieraad in ons dorp wat na beraming ouer as 180 jaar was. Dit het ongelukkig ernstige skade aan die dak en mure van Moederkerk, sowel as aan die plaveisel om die gebou, aangerig. Gelukkig dek versekering die grootste gedeelte van die skade. Die foto hiernaas gee 'n aanduiding van die skade (sien ook bl.20).

Afgesien van die boomskade het daar ook tydens die afgelope twee baie nat winters wesenlike lekplekke in die dak ontstaan. Die kerkraad het besluit om hierdie lekplekke op 'n tydelike basis te herstel in die lig van die groter herstelwerk wat aan die dak gedoen moet word.

'n Deeglike ondersoek van die dak deur 'n professionele span het daarop gedui dat die hele dak vervang sal moet word. Daar word dus tans hard gewerk om die nodige goedkeuring te verkry sodat die werk gedurende die komende somer gedoen kan word. Daar word in die vooruitsig gestel dat oggenddienste gedurende hierdie periode in die Kruiskerk-gebou gehou sal word.

Die beraamde koste van al hierdie projekte is ongeveer R8 miljoen, selfs met inagneming van die versekeringsuitbetaling. Gelukkig het Moederkerk oor die jare spaarfondse vir 'n "reëndag" soos hierdie opgebou. Moederkerk het ook enkele groot instellings om finansiële ondersteuning genader. Laastens het die kerkraad besluit om 'n Moederkerk-boufonds te loods, om die fondse aan te vul. Die surplus van R300 000 van die afgelope finansiële jaar is alreeds in hierdie fonds gedeponeer. Daarbenewens het besorgde lidmate reeds ongeveer R200 000 bygedra.




Moederkerk se versoek is dus: wil u dit nie biddend oorweeg om ook 'n bydrae tot die Moederkerk-boufonds te maak nie?

Niel Krige
Voorsitter: Finansbediening



Members of Stellenbosch International Fellowship (SIF) go camping together as *FANS: Friends from All NationS*

*Above: Children's faces are blurred (POPI requirement)*

## Pastor Tyler Helfers of the International Ministry writes:

Being in a foreign country, far away from family, and under the pressure of exams, research outcomes, submission deadlines and work obligations can take their toll on the lives of our international students. They often struggle to balance work and wellbeing and rarely get the opportunity to step away from the busy-ness of academic life just to rest, reflect, and spend time together. During the first weekend of April, the International Ministry hosted a retreat for students and their families in the beach town of Yzerfontein. We spent time walking on the beach, had deep conversations about faith, life, and our different cultures, and enjoyed meals together, including a *snoek* (fish) braai on Saturday night!

On that Sunday morning, we had a time of worship and reflection, in which several people shared how meaningful this weekend retreat had been and how grateful they were for the International Ministry. From the wonders of creation and the gift of rest, to the food we enjoyed and fellowship we shared, this weekend was a reminder of God's invitation, as C.S. Lewis put it, "to forsake our mud pies in the alley for a holiday at the beach."

In addition to the retreat, our family took this opportunity to camp by ourselves for a few days at the local caravan park. We played on the beach, enjoyed cooking over the fire, watched the sunsets, and slept under the stars with the sound of waves in the background. It was a memorable time together as we continue exploring the country we now call "home."



The Helfers girls enjoy the sunset at Yzerfontein

## From the Word of our Lord:



*"… go forth therefore and make all nations my disciples; baptize men everywhere in the name of the Father and the Son and the Holy Spirit, and teach them to observe all that I have commanded you. And be assured, I am with you always, to the end of time."*

## Weekly SIF Meetings

There are about 45 people regularly involved in Bible study and/or our Sunday worship services representing 12 different nations across Africa: Angola, Benin, Botswana, Cameroon, Kenya, Malawi, Nigeria, Rwanda, South Africa, Tanzania, Uganda, and Zimbabwe. We have had people from 21 different countries – in Africa, Europe, and North America – attending our services this year.

## The Spice Club

Christina Helfers reports about the women's group, mostly comprising the wives of senior students: "The Spice Group has 21 people involved, from 15 different countries. This year the women have enjoyed learning more about one another's countries through presentations and sharing summer drink recipes from home. They also celebrated one of the local volunteers' pregnancy and her continued service to the group these last few years, by giving her a baby shower."

# Atlete vir Christus word VYFTIG!




**Sarienne Fourie vertel:**

Atlete vir Christus vier hierdie jaar hulle 50ste bestaansjaar, wat groot opgewondenheid onder die spanlede bring. Ons is vanjaar jaar 'n groep van 23 studente, met **Muller Mentz en Sarienne Fourie** wat vir 2025 voorvat.

Die span gaan van Port Nolloth tot in Knysna in die Junie-Julie vakansie reis. Die span is alreeds van begin Maart af al aan die gang. Almal is hard aan die werk om van vanjaar se uitreik 'n sukses te maak.

Ons bak pannekoek en reël pretlope om fondse in te samel, wat alles ná die toer aan Bybelmedia sal gaan. Die fondse gaan vanjaar, soos in die verlede, om Bybelstudiegidse in die gevangenisse van Suid-Afrika te versprei.

Die **tien atlete** is hard aan die oefen. Elkeen is eintlik verantwoordelik vir hulle eie fiksheid, maar ons oefen een keer per week saam onder die leiding van Leroux Cronje, ons spanafrigter vir die jaar.






Die **sangspan** sonder ook elke week 'n tydjie af om saam as span die liedjies te oefen waarmee ons op die toer gaan optree. Die persoonlike werkers se eintlike werk, geestelike ondersteuning, begin eers op toer, maar hulle is reeds besig om seker te maak die span se gemoedere bly hoog met die opbou tot die uitreik.

Ons is baie opgewonde om te sien hoe vanjaar se uitreik gaan lyk en sien daarna uit om na 'n groot verskeidenheid plekke in Suid-Afrika te reis en sodoende die Here se Naam te verheerlik.

**AHOE!**

# Transkei Werkersaksie vind na 67 jaar nog altyd iets nuuts om op die Canzibe Sendingstasie te doen

Die Transkei Werkersaksie (TWA) is die oudste uitreik deur Kruiskerk. Vanjaar se jaarlikse uitreik behels 26 Stellenbosch studente wat na die Transkei (Oos-Kaap) sal reis, na die Canzibe gemeenskap.

Die uitreik se hoofdoel is om die sendingorganisasie genaamd **"25:40"** te ondersteun. Hulle naam is geïnspireer deur Jesus se woorde in **Matteus 25:40**: "Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen." Hierdie organisasie se missie is om die verwoestende impak van armoede, siekte, vaderloosheid en geweld op weeskinders en kwesbare kinders in die Transkei te bekamp. Hul implementeer omvattende, gemeenskapsgebaseerde programme – onder andere, nasorgprogramme vir weeskinders – wat ontwerp is om hierdie kinders te identifiseer en te red.

Vir 2025 beplan ons om die voorskoolse kinders toegerus te kry met basiese studiebeginsels sodat hulle hul skoolloopbaan op 'n goeie noot kan begin. Ons help met vaardigheidsopleiding deur middel van sportklinieke, en deur ekstra Wiskundeklasse en leesoefeninge aan te bied.

Poppekasvertonings is ook een van die hoogtepunte waarmee die kinderbedieningspan vir die kindertjies van die evangelie vertel.

Ons bouspan is ook baie opgewonde oor ons komende konstruksieprojekte. Ons sal vanjaar (DV) drie vraghouers ("*containers*") installeer, wat in die toekoms vir verskeie doeleindes soos klaskamers en verblyf gebruik kan word. Ons fokus sal wees op die installeer van die dak en die gooi van die betonvloer en -trappe. Daar sal ook herstel- en verfwerk betrokke wees.

Die uitreikspan van 2025 sien daarna uit om die gemeenskap van Canzibe met hart en siel te dien!

***Helandi van der Merwe***








**Matteus 25:40**: "Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, **het julle dit aan My gedoen."**



**Poppe-kas Links & Onder**




Vanjaar se TWA se fokus is, soos voorheen, op kinders van alle ouderdomme.





**"Ubani igama lakho?"** ***Wie sou kon raai hoe groot 'n impak jy maak deur vir 'n klein kindjie te vra: Wat is jou naam?***

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0

## Ek onthou… Transkei Werkerskamp op Canzibe in Januarie 1959: Wat was anders… wat was dieselfde?

Ek en my man het mekaar op Canzibe leer ken, in Januarie 1959, 66 jaar gelede. Daar was nog niks, net drie tente, 'n sinkplaatstoor en die sendeling se rondawel.

Die mans het boumateriaal help aanry vir die eerste klein hospitaaltjie. Ons dames het op twee antieke handnaaimasjiene binne ons bus ('n oorgeboude vragmotor) lakens en hospitaaljurke gemaak. Piet en sy kamermaat, twee ingenieurs tussen 'n klomp tokkelokke, het terrasse vir die bouwerk uitgepen en die tokkelokke moes grawe.

Ons het min kontak met die plaaslike mense gehad, behalwe Sondae met die kerkdiens onder "Magwa se boom", waar die toordokter Magwa nie meer op die mense kon teer nie. Die paar kinders wat daar was, was in kombersies geklee. Dis duidelik nou baie anders.

Tog het dieselfde sendingywer ons gedryf en ons onthou nog in dankbaarheid die wonderlike, inspirerende kamp en die liefdesdiens wat ons met die eerste aanvoerwerk vir die Canzibe-hospitaal kon lewer.

En die pret! Dit bly dieselfde! **Red.**









1. Briewe skryf voor die damestent
2. Die kostou onder Magwa se boom
3. In die bus slaap bo-op ons bagasie
4. Houtkap vir koskook

# Lesotho Hoop-Projek 2025



Tafelberg uitklim is amper so goed soos die Drakensberge aandurf!






Die Lesotho-span vir 2025 is gereed vir aksie.

Die span bestaan vanjaar uit 21 studente (11 dames en 10 mans) wat gretig is om hulle tyd op te offer en 'n verskil te gaan maak. Ons vertrek op 28 Junie na Lesotho en keer op 16 Julie na Stellenbosch terug. Beplanning is volstoom aan die gang, slaapplek is gereël, voertuie is uitgesorteer en, die heel belangrikste, ons paspoorte is gereed!

Fondsinsamelings wat gedurende die kwartaal gehou is, was 'n sukses, met twee sokkie-aande wat ons as Lesotho Hoop-Projekgangers by die Khaya aangebied het, en 'n karwas-sessie.

Die ondersteuning en bydrae van Moederkerklidmate met kossakkies van nie-bederfbare produkte, is iets waarvoor die span baie dankbaar is.

Die inisiatief wat die spanlede neem om aan hierdie uitreik deel te neem, te help en voor die uitreik mekaar te leer ken, staan veral uit. 'n Paar lekker *socials,* waar die spanlede mekaar beter leer ken het, is al ingewerk, onder andere 'n braai, 'n wandelinkie op Coetzenburg, Leeukop in Kaapstad uitklim, en saam gaan roomys kry.

Oom August Basson is vanjaar ons geestelike leier en ons sien daarna uit om weer 'n pad met hom en Jesus te stap. Ons as Lesotho Hoop-Projekspan van 2025 is baie dankbaar vir die ondersteuning van die gemeente en medestudente. Elke gebed, donasie en oomblik van mense se tyd maak 'n verskil. Dankie, dankie, dankie!

***Leandri Engelbrecht***

### UITREIK NA VAKANSIEGANGERS

## Gouritsmond Stranddiensspan sien uit na Desember

Ons Gouritsmond-stranddienstespan is baie opgewonde om volstoom aan ons uitreik te beplan noudat ons leierspan voltallig is! Na 'n voorlopige naweekuitstappie Gouritsmond toe (waar ons medeleier George reeds die strand uitgetoets het en kan bevestig dat dit 'n uitstekende middagslapie-strand is!), weet ons presies hoeveel meter daar tussen ons kampplek en die eerste korreltjie sand lê, maar méér as dit – ons weet dat die mense van Gourits ruim harte het en gretig is om ons span in Desember te ontvang.

Iets wat beslis beloof om hierdie strand-dienste-uitreik nog meer herinneringswaardig te maak, is die feit dat ons span die hele twee weke in Gourits se kampeerterrein gaan aanpak. Soos gesoute kampeerders alte goed weet, is daar ewig 'n sosiale en vrygewigheidselement wat gepaard gaan met woon in 'n kampeerterrein: van kinders wat tussen staanplekke rondbaljaar tot braaivuurstories wat laggend by die skottelgoedwasstasie uitgeruil word . Ons hoop is dat ons span werklik 'n pad saam sal stap met elkeen wie se pad ons s'n kruis.

Daar is natuurlik ook meer administratiewe reëlings wat gepaard gaan met die kampeer-opset, soos om seker te maak dat daar voldoende yskasspasie en kragaanlegte is, maar vroegtydige kennisname van hierdie praktiese kwessies gee vir ons genoegsame tyd om daarvoor te sorg.

Ons sien elke dag in die oploop na spanaansoeke net nog meer uit om die mense te ontmoet wat in Desember saam met ons die Here se liefde gaan uitleef. Ons grootste gebed is nou dat die Here ons hande sal vashou en die pad saam met ons sal stap om hierdie uitreik tot die uitbou van Jesus se koninkryk te rig.

Studente, spring met jul aansoeke as julle wil saamgaan!

***Kyanti Greyling***

HULP AAN KINDERS

# Met Liefde aan Legacy!

*Die Legacy-sentrum in Kayamandi is die fokuspunt van 'n volledige liefdadigheids-uitreik deur die Stellenbosch Gemeente (SG) wat hoofsaaklik op kinders gerig is. Kruiskerk-lidmate werk met SG saam.*





***Kirsten-Mari Swanevelder*** vertel:

Legacy is sover vanjaar propvol seëninge. Ons is uiters dankbaar vir 'n entoesiastiese groep van 18 Kruiskerk-lidmate wat betrokke is. Ons help skoolkinders met hulle huiswerk en lesvoorbereiding. Ons kon ook die vervoeruitdagings na Kayamandi vanjaar trotseer danksy 'n borg wat die Uber- of petrolkostes dek.

Die meeste van ons groepie is vanjaar nuut en was nog nie vantevore deel van Legacy nie, maar ons kan met trots sê dat almal se toewyding en hulp met die kinders se huiswerk van groot waarde is. Dit is nog altyd 'n voorreg om Legacy te gaan besoek: die kinders en personeel verwelkom almal met ope arms en maak jou deel van die Legacy-familie. Dis werklik 'n ongelooflike ervaring.

Ons wil graag vanjaar probeer om elke kwartaal ietsie spesiaals vir die kinders te doen. In die eerste kwartaal het die Paashaas kom kuier. Die pure opwinding en vrolikheid oor 'n eenvoudige malvalekker was aansteeklik. Die jaar kon só op 'n positiewe manier begin en ons is opgewonde oor alles wat die res van die jaar vir ons inhou.

Ons span wil opreg dankie sê aan almal wat vir Legacy op verskeie maniere ondersteun. Dit lei tot 'n rimpel-effek in kinders se lewens.




*Kruiskerk-lidmate by die Legacy-sentrum*

# Trap der Bosch…

## … samewerking met VGK se Christenjeug-bediening:

**Nuwe vriende**
**Nuwe geleenthede**
**Fietsry-uitreik: Wie sal ons borg?**



By Trap Der Bosch is ons opgewonde oor wat God besig is om in en deur ons aksie te doen. Met die nuwe leiers, Renate le Roux en Ben Lutz, bou ons doelbewus aan 'n sterk verhouding met die jeug gemeente van VGK Cloetesville, die **Christian Youth Ministry** (CYM).

Elke Vrydag om 18:00 kuier ons saam by hul jeugdiens – in die stoortjie onder die hoofgebou. Daar sing ons, speel speletjies en lees die Bybel saam. Hierdie eenvoudige momente van deel en saamwees bring 'n wonderlike gevoel van eenheid tussen ons gemeentes.

Die groot nuus is ons opwindende fondsinsameling in die September-vakansie! Ons beplan om die Wes-Kaap plat te ry met ons fietse. Elke Trap Der Bosch-lid gaan probeer om geborg te word per kilometer wat hulle ry. Hierdie kilometers word dan met oorgawe afgerond – alles vir 'n groter doel.

Die fondse wat ons insamel, help ons om nood in die **minderbevoorregte** gemeenskappe aan te spreek. 'n Spesifieke projek, gekoppel aan CYM, waarop ons tans fokus, is om kinders veilig kerk toe te bring met die hulp van 'n plaaslike **taxi-onderneming** wat ons finansieel ondersteun.

Ons is dankbaar vir hierdie geleenthede, en ons hoop om **al die ander NG gemeentes** aan te moedig om saam te werk en uit te reik.

## Trap der WAT?

As jy wil fietsy, moet jy *trap ;* as jy wil bo kom, klim jy 'n *trap*. As jy wil lees, werk jy in stadiums: eers leer jy die alfabet, dan leer jy woorde klank; dan volg die laaste *trap: Léés.* Die ou Nederlandse leesboekie van ons voorouers het dié naam gedra: "**Trap der Jeugd.**"

Toe Kruiskerk 'n eie fietsryklub gestig het, word dit toe ook "**Trap Der Jeugd**." Aanvanklik het hulle met hulle toere bydraes vir verskeie kinderhuise ingevorder, naamlik vir inrigtings op Robertson, Durbanville en Wellington.

Die behoefte om saam met die VGK op Stellenbosch te werk én te trap, het 'n nuwe fokus laat ontstaan – vandaar die nuwe naam: "**Trap der Bosch.**"

*Seën word julle toegebid, alle Trappers!*

**Red.**

# New Faces, New Foundations: Stellumthombo Maths Project Builds for the Long Term


Tutors and students hard at work

The Stellumthombo Maths Project entered 2025 with a renewed sense of purpose and a long-term commitment to building confidence in Mathematics.

Last year, 45 Grade 12 learners from schools across Stellenbosch – Calling Academy, Cloetesville High School, Kayamandi Secondary School, Luckhoff High School, and Makapula Secondary School – committed to extra Maths lessons, attending an average of 15 sessions each. Their internal assessments showed promising growth, with average marks increasing by over 20%. However, despite their progress with us, their final school Maths results dropped by 14% on average – highlighting the deeper systemic challenges our learners face.

At the same time, our Grade 8 learners made significant strides in their academic journey. With 50 learners on board: from Apex Academy, Calling Academy, Kylemore High School, Kayamandi Secondary School, Luckhoff High School, and Makapula Secondary School, they embraced the opportunity for extra support, and their performance in internal assessments saw steady improvement. Many demonstrated notable growth, with 16 learners improving by as much as 19%. on average. While attendance varied, with some facing logistic challenges, those who attended consistently, showed the value of sustained learning support.


Students arrive at Kruiskerk for Maths

The year ended on a celebratory note. At our end-of-year party, learners enjoyed pizza, doughnuts, and a joyful dance session led by a Cape Town instructor. It was also a moment to thank Eon Venter and Ina Weilbach, two of our dedicated tutors, who concluded their time with Stellumthombo at the end of 2024.


In 2025,we've doubled down on our long-term vision by continuing with last year's cohort, now Grade 9s, and welcoming a new group of Grade 8 learners. Our aim is to journey with them over a succession of years, building confidence, consistency, and foundational Maths skills.

To support this vision, we've introduced engaging lesson plans that include icebreakers and team-building activities to create a positive, inclusive environment from the start. We also emphasize celebrating their hard work with fun Maths-based activities at the end of each term, ensuring that the learners not only improve their skills but also enjoy the process of learning and growing together. This approach helps create a strong foundation for success, both academically and personally, as they continue their journey with us.

We now work with 100 learners weekly across two sessions, supported by a newly expanded team of tutors. Four new tutors joined the project this year.

Logistically, we ensured the learners could access the programme with ease. Four days a week, through the efforts of our transport partner, the learners were brought in by bus from their schools to our facility and back to drop-off points near their homes. In addition, our dedicated volunteers ensured that every learner received sandwiches made with care, as well as fresh fruit, before each class – because no one can learn on an empty stomach.

The Stellumthombo Maths Project is evolving with a clear focus: providing learners with the support, structure and time they need to succeed – not only in Maths but in life. Through regular internal assessments, continuous feedback, and closer collaboration with schools, we are creating an environment where learners can truly thrive. A key part of this process is encouraging independent learning and building confidence through regular worksheets, which help to reinforce foundational skills. Additionally, our partnership with the Stellumthombo Parenting Support Programme (see p.13) has begun to strengthen family involvement, enabling parents to better support their children's learning at home.


Learning Maths is FUN!

As we move forward, the Stellumthombo Maths Project remains committed to fostering growth, confidence, and success in every learner. With a dedicated team, strong community support, and a focus on long-term development, we are excited to continue empowering students to excel in maths and beyond. The journey is just beginning, and the future is bright.

Stephanie Witten, Project Manager,
Stellumthombo Maths Project
stephanie@stellumthombo.co.za

STELLUMTHOMBO

DIE LEESPROJEK

# Groei van krag tot krag

Stellumthombo se leesprojek is besonder dankbaar dat die Moerderkerkgemeentelede ons gehelp het met die *Borg-'n-Kind*-fondsinsameling. Ons het R112 300 ingesamel, wat ons help om nie net voort te gaan met leeslesse by ons huidige skole nie, maar ons ook in staat stel om die projek uit te brei.

Die leesprojek fokus op voorleesvaardighede vir graad R-leerders en ondersteun graad 1-leerders om te leer lees. Ons is vir die afgelope drie jaar by Cloetesville Laerskool, Devonvallei Laerskool en ook by die "*AITSA*!" nasorgsentrum betrokke.

Vroeër was ons by Devonvallei net met die graad R-leerders betrokke, maar vanjaar kon ons uitbrei om die graad 1-leerders in te sluit. Ons het ook, deur ons Vroeë-kinderontwikkelingprojek, hande gevat met *Lumière Crèche* en Nasorgsentrum om die graad R- en 1-leerders aldaar te ondersteun.

Ons is ook baie dankbaar teenoor *Usiko* wat na ons uitgereik het om die program by hulle sentrum ook aan te bied. Bo en behalwe al hierdie nuwe uitbreidings, is ons gevestigde groepe groter as ooit tevore.

Al hierdie uitbreidings het een ding in gemeen: hulle vind nie slegs danksy Stellumthombo plaas nie. Dit is alles gevestig in samewerking – samewerking van die skole wat ons toelaat om by hulle betrokke te wees; samewerking van ander instansies wat gretig is om ook hand by te sit; en samewerking van gemeen-telede wat ons nie net met fondse bystaan nie, maar ook as vrywilligers optree. Ons sien daarna uit om te ervaar hoe ons almal saam kan werk om nóg meer kinders in die toekoms te kan bereik.

***Anele Horn, Stellumthombo***



**Bo:** Vrywilligers gebruik asyn en bevrore blokke koeksodawater om kinders op 'n kreatiewe wyse aan letters bloot te stel.



Die vrywilligers help kinders tydens een van die lees-sessies om al hulle sintuie te gebruik .

BYSTAND VIR OUERS

# Ouerondersteuning van klein tot groot



.

**Foto 1**:

*Ken-mekaar geleentheid met ouers van Wiskunde-program leerders*

Ons is baie opgewonde oor die uitbreiding van Stellumthombo se ouer-ondersteuningsprogram. Bo en behalwe die uitrol van die program na die vroeë-kinderontwikkelingsentrums se ouers in Jonkershoek, Kylemore en Simondium, is daar in die tweede kwartaal ook uitgereik na die ouers van die graad 8- en 9-leerders wat deel is van Stellumthombo se Wiskundeprogram.

Tydens gesprekke met hierdie ouers kon daar vasgestel word dat hulle 'n sterk behoefte het aan ondersteuning en leiding oor sekere aspekte van hulle tieners se lewens. Dit sluit in besluite oor vakkeuses, eksamenvoorbereiding, skermtyd en emosionele ontwikkeling.

Deur die loop van die jaar sal daar ten minste een geleentheid per kwartaal aangebied word, spesifiek vir die ouers van die Wiskundeprogram-leerders waartydens Stellumthombo hierdie aspekte met die ouers sal bespreek en daar in groepverband van mekaar geleer kan word.

'n Whatsapp-groep is ook gestig waarop daar gereeld inligtingsbronne aan ouers deurgegee word wat sommige van die vrae dek wat hulle in gesprek gevra het. Deur hierdie netwerk van ouers te verstewig, sal die band tussen die ouers, maar ook tussen ouer en kind, versterk kan word, om sodoende gesonde gesinsverhoudinge te bevorder.

**Figuur 2:**




*Whatsappgroep-logo van die ouers van Stellumthombo se Wiskundeprogram-leerders (Sien hierbo op bl 12)*

**Anele Horn**
anele@moederkerk.co.za

# STELLUMTHOMBO SE FOKUS OP KWALITEIT-VROEë-KINDERONTWIKKELING

Die fokus vir 2025, in vennootskap met plaaslike *ECD*-sentrums (Vroeë Kinderontwikkeling), is op die aanbied van kwaliteitleerprogramme en die ondersteuning van sogenaamde *ECD*-skoolhoofde.

Die jaar het begin met 'n opleidingsreeks vir onderwysers wat met kinders tussen nul en drie jaar werk, met spesiale klem op die eerste 1000 dae van babas en kleuters se ontwikkeling. Die vier-week-lange program is met groot entoesiasme ontvang, en onderwysers het vertel dat hulle waardevolle insigte gekry oor hoe kinders reeds van 'n baie jong ouderdom af gestimuleer kan word.

'n Opwindende nuwe ontwikkeling vanjaar was die bekendstelling van rekenaarsessies vir skoolhoofde. Hierdie sessies rus hulle toe met digitale vaardighede vir administrasie en registrasie. Die opleiding het begin met basiese Microsoft Word, en brei tans uit na Google Suite en Canva.

'n Hoogtepunt van elke kwartaal is die sogenaamde "hoofed-sessies" waar alle *ECD*-skoolhoofde byeenkom om kennis en ervarings uit te ruil. Hierdie sessies is onlangs verder verryk met fisieke aktiwiteite. Gedurende die tweede kwartaal het die groep saam langs die Eersterivier gaan stap en die nuwe Kunsmyl enduit geloop – 'n unieke ervaring vir baie van die skoolhoofde. Sien foto hiernaas.

Sedert 2024 is daar ook 'n weeklikse leer- en ontwikkelingsgroep via *WhatsApp* gevestig. Hierdie platform stel opvoeders in staat om op 'n deurlopende basis ondersteuning en onderrigmateriaal te ontvang, wat help om die gehalte van onderrig aan jong kinders verder te verbeter.

Vir meer inligting oor die Stellumthombo ECD-program, skakel met **Arina Scheepers**: arina@stellumthombo.co.za





**Bo**: *Kennismaking*; **Onder:** *Skoolhoofde kan ook speel!*

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0

MASANDISE STUDIEHULP

## *Het jy al aan dié oproep gehoor gegee?*

# Die Groot Masandise Uitdaging

### Gemeentelede is die afgelope semester so uitgedaag:

Moederkerk Gemeentelede: *wie wil Masandise se uitdaging aanvaar?*

## Masandise Studiehulp daag **jou** uit:

Studente: Skenk die prys van één *pizza*!
Werkende jongmense: Skenk die prys van twéé *pizzas!*
Kleingroepe: Watter kleingroep kan die meeste *pizza's* se geldjies skenk?
Gesinne: Skenk 'n bedrag gelyk aan die koste van één aand se uiteet!
Sakelui: Skenk die prys van één tenkvol brandstof!
Vakansiegangers: Skenk 'n bedrag gelyk aan die koste van één aand se oorslaap!
Buitelandse lidmate: Skenk net *twintig* van die geldeenhede van die land waar jy woon.

*In Rande is dit baie!*

*Baie dankie! Enkosi! Many thanks! Danke schön! Merci beaucoup!!*

MASANDISE STUDIEHULP Masandise Studiehulp is 'n filiaal van Stellumthombo NPC STELLUMTHOMBO

Help behoeftige jongmense om vér in die lewe te kom!



Help behoeftige jongmense om vér in die lewe te kom!



MASANDISE STUDIEHULP Masandise Studiehulp is 'n filiaal van STELLUMTHOMBO

Moederkerk Gemeentelede: *wie wil Masandise se uitdaging aanvaar?*

## Masandise Studiehulp daag **jou** uit:

**Ondersteun Masandise via die Stellumthombo platform:**

**Stellumthombo NPC**
**Nedbank**, Takkode **107110**
**Rekeningnommer: 113 069 7630**
(Swiftkode: NEDSZAJJ)
**Verwysing:** ***Masandise Studiehulp***

Vir 'n Artikel **18A Belastingvrystellingsertifikaat**, doen aansoek by Marianne@moederkerk.co.za

**Vir internasionale skenkings in enige geldeenheid (omgeskakel na ZA Rande op die *Givengain*-platform):**
https://www.givengain.com/cause/3746/campaigns/11546/

# Wat beteken "Masandise"?

**Oorsprong:** Alles het in ongeveer 2004 begin toe 'n Moederkerklidmaat, 'n afgetrede mediese dokter, by die Klapmuts munisipale kliniek gaan uithelp het. Sy het ontdek dat baie ouers van hoërskool leerders nie die klein skoolgeldjie kon bekostig nie. Dit het dan beteken skole het die leerders se rapporte teruggehou totdat die ouers kon verduidelik hoekom hulle nie betaal het nie. Dit was vernederend vir ouers, veral by Kayamandi Senior Sekondêr.

Dié dokter het toe 'n aantal medelidmate byeengeroep en voorgestel dat ons 'n Beursfonds stig om die R250 jaarlikse fooi vir sowat 30 leerders te ondersteun. Na slegs enkele afkondigings, het die geld begin instroom, en ons kon daardie jaar sowat 50 kinders se skoolgeld help betaal.

Maar toe kom sy agter dat suksesvolle matrikulante nie kon bekostig om verder te leer nie en die Beursfonds het verder tot by naskoolse opleiding uitgebrei. Aanvanklik was sy al mentor wat die nuwe studente bygestaan het, maar gou het sy medegelowiges genooi om elk een of meer van hierdie eerstegenerasie tersiêre studente onder hulle vlerke te neem.

**Verloop:** Ons het gou agtergekom dat die mentering byna méér waardevol was as die geldjie wat ons kon bysit. Toe die staat se Studiehulpfonds (NSFAS) ingestel is, en mettertyd ware (nie-terugbetaalbare) *beurse* geword het, het dinge makliker geword, maar geldelike behoeftes bly groei: vervoer of ordentlike losies het net so belangrik soos kosgeld geword, maar kostes het ook gegroei. Oor 'n kwessse van sowat twaalf jaar het die jaarlikse begroting tot meer as R400 000 gegroei en tans staan dit op amper 'n halfmijoenrand. Dankie, Gemeente, dat julle ons studente se lewens verander het!

**'n Nuwe begin:** In 2016 is oorgegaan tot die stig van 'n geregistreerde nie-regeringsorganisasie, toe Moederkerk se verskeie liefdadigheidsprojekte saamgesnoer is onder één sambreel: Stelluthombo. Die twee dele van hierdie naam kom van ons dorp se naam plus die isiXhosa-woord, *umthombo,*"'n fontein."

Terselfdertyd het Moederkerk Beursfonds 'n nuwe naam gekry wat vertel wat ons wil doen: *Masandise = "Laat ons help groei!"* Ongeveer 16 mentors staan tans 24 leerders en studente met raad by.

**Dankie, liewe Gemeente, dat julle ook met julle antwoorde op die Groot Masandise Uitdaging (bl.14 onder) ons vooglinge sal help groei!** ***Een van die mentors***

## *Lewensveranderende Masandise Studiehulp-Suksesverhale*

### Gift's story

Gift is a final-year BSc student at Stellenbosch University. He began his studies in 2022 and after experiencing financial problems, approached a lecturer for guidance on how to proceed. She referred him to Masandise, who assigned him a mentor and supported him with his accommodation fees as well as a food allowance and living expenses. Gift excelled in his studies and this resulted in his receiving funding from the Rupert Foundation from 2024 onwards. His Masandise mentor is still involved in personal guidance. Gift's story is not typical of a Masandise student in that he only started his studies ten years after matriculating. When he was not at work, he devoted his time to studying mathematics at a library close to home. His perseverance in this resulted in him passing the first year of an extremely challenging mathematically-based degree programme with flying colours. Amongst others, he achieved an excellent 69% for first-year Mathematics, an extraordinary feat for someone who last had formal Maths training more than ten years ago.

**His Masandise Mentor**

### The story of Precious

Precious comes from a dysfunctional household. In 2023 she moved to her grandmother and in the same year rewrote her matric examination to gain university exemption, which she did. Her grandmother passed away towards the end of 2023 and in 2024 she moved into the household of an uncle. Masandise became involved in 2024, providing mentoring and a food allowance as well as computer training to prepare her for university studies. With support from Masandise, she applied to a number of universities and was accepted by Nelson Mandela University for a degree in foundation phase education, sponsored by NSFAS. She has adapted well in Gqeberha and her first assessment results are good. Masandise currently provides mentoring and a food allowance. ***Her Masandise Mentor***



Oudstudent **Litshepa Hlapisi** (links) het einde 2022 'n sakekwalifikasie by die False Bay College behaal. Na meer as agt maande se werk soek, het hy in 2023 'n aanstelling as leerder-bestuurder by Clicks gekry en sedertdien boer hy net vooruit. Hy is onlangs toegelaat om in te skryf vir 'n gevorderde diploma by die vooraanstaande Suid-Afrikaanse sakebestuur-universiteit, MANCOSA (deel van die Honoris-groep sake-universiteite wat daarna mik om sosiale ontwikkeling van jongmense te bestuur). Sy werkgewer borg driekwart van sy klasgeld. 'n Banklening sal die res dek. Hy het dié vreugde dadelik aan sy gewese Masandise Studentehulp mentor gerapporteer. Weer eens 'n geval van "*Masandise verander lewens*!"

***Sy voormalige mentor***

**'n Voormalige Masandise Studiehulp-mentor** skryf: *"Hi, ek wonder of julle nog hierdie Masandise student (Nomsa T.) onthou? Ek het haar in 2010 leer ken. Sy het aptekerswese suksesvol voltooi, plus die internskap en gemeenskapsjaar klaargemaak en werk nou al seker vir 10 jaar, meestal in KZN. Nou getrek en werk in Melkbosstrand. Ek staan verstom. N. het regop bly staan. Sy het 'n alkoholis-ma en alkoholis-ouboet, geen pa-figuur nie.*

*Van kinderjare af geen ondersteuning of noue bande met enige mens of familie gehad nie. Net* alles op haar eie gedoen." **AS**

**MASANDISE STUDIEHULP**

## Waarom jong eerstegenerasie-studente 'n mentor se raad nodig het

Masandise Studiehulp-mentors roem hulle daarop dat hulle 'n *hulp* vir hulle vooglinge is en nie slegs "*nog 'n beursfonds*" is nie.

Elk van die 25 studente tans op ons boeke het 'n mentor na wie sy of hy kan gaan vir raad. Benewens die feit dat hulle baie arm is, maar tog vol ambisie om sukses te behaal, is hulle dikwels redelik onkundig oor sake en hoe beurse werk. So het Panyani (skuilnaam) in Februarie baie entoesiasties vir haar mentor laat weet dat sy *'n volle R4500* van die Nasionale Studentehulpfonds (NSFAS) vir boekaankope ontvang het. Sy het nog nooit in haar lewe oor soveel geld beskik nie. Sy is absoluut oorstelp van vreugde.

In haar *WhatsApp*-boodskap lys sy wat sy sommer nog daardie dag sal gaan koop: *Hair dryer; 10" full frontal; Lunch Box and Bottle; Few Clothes* en dan verder wil sy: *Keep R1000 for transport home (Eastern Cape) in Easter holidays; send R500 home.* Hierdie "Boektoelaag" moet eindelose gate toestop.

Die mentor was jammer om Panyani se entoesiasme te demp, maar het geantwoord dat 'n boektoelaag presies dít is: *geld vir boeke*. Sy moet 'n senior student vra watter boeke sy in haar eerstejaar nog moet aankoop. Panyani het dadelik gaan uitvind, en moes toe maar haar droom oor uitspattige haartooisels en nuwe klere laat vaar. Ook dít het sy dadelik met haar mentor gedeel.

Sy het darem haar klein Masandise kostoelagie om (op kos) te bestee, en as sy gereeld vir 'n paar maande so 'n ietsie afknyp, spog sy moontlik teen Junie met 'n elegante nuwe haarkapsel. Wat sou Panyani sonder 'n mentor se raad en hulp gedoen het?

*Masandise verander lewens!* ***Haar Mentor***

SINCE 1994

**FEEDING IN ACTION**
**VOEDINGSAKSIE**

STELLENBOSCH




In die breër Stellenbosch-omgewing is daar duisende mense wat daagliks met honger worstel, veral kwesbare kinders, siekes, bejaardes en werklose volwassenes.

Gelukkig is daar 'n ligpunt: Stellenbosch Voedingsaksie is 'n organisasie wat reeds oor jare heen 'n beduidende verskil maak in die lewens van die behoeftige gemeenskap. SVA se uitgebreide hulpbasis bedien 60 voedingspunte wydverspreid oor 15 gemeenskappe in die breër Stellenbosch heen. Ons voorsien, weekliks gekookte maaltye aan ongeveer 5 000 mense. Hiervan is sowat 4000 kinders en 1000 volwassenes; dit is mense wat andersins moontlik nie daardie dag sou kon eet nie.

Die etes wat voorberei en bedien word, is laekoste- (ekonomiese) maaltye soos voedsame sop, geurige groente-bredies met rys of pastageregte, asook stampmielies en bone. Hierdie maaltye bring nie net fisieke verligting nie, maar herstel ook waardigheid en hoop in gemeenskappe waar armoede en nood diep gewortel is.







Die kinders wat gevoed word, kan verwag om met voller magies ná skool huis toe te gaan, terwyl volwassenes nie meer die hele dag bekommerd hoef te wees oor waar hul volgende ete vandaan gaan kom nie. Die voedingspunte dien as plekke van gemeenskap, waar mense nie net kos ontvang nie, maar ook ondersteuning deur 'n bietjie samesyn en erkenning van hulle menswaardigheid.

Vrywilligers en donateurs speel 'n groot rol om hierdie werk moontlik te maak, en dit is hul toewyding en medemenslikheid wat Stellenbosch *Voedingsaksie* se missie dryf. SVA se impak strek veel verder as die bord kos: dit bring nuwe hoop en 'n mate van stabiliteit in elke gemeenskap. Elke ete wat uitgedeel word, dien as 'n stille getuienis van die krag van omgee en die verskil wat 'n georganiseerde, volgehoue poging kan maak. *Voedingsaksie* wys dat, selfs in tye van groot behoefte, deernis kan seëvier as mense hande vat en help waar dit die nodigste is.

**Dankie vir elke bydrae!**

Liesel Koen (Projekbestuurder)
voedingsaksie@telkomsa.net

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o


# Die Havenga-gesin brei uit

**Angelique en Marnus vertel:**

"Op 30 Januarie 2025 het ons gesin met groot vreugde 'n seun verwelkom: Marthinus Johannes (MJ), vernoem na sy Oupa Marthinus. Ons harte loop oor van dankbaarheid en ons voel opreg geseënd met hierdie blou-oog seuntjie wat ons daagliks leer om dieper lief te hê.

Sy sussie Lize is gaande oor hom en ons moet gereeld keer dat sy hom nie sommer die hele wêreld wil gaan wys nie! Hy is op Paassondag as deel van ons geloofsgemeenskap in Moederkerk gedoop – 'n diep betekenisvolle oomblik vir ons as ouers. Baie dankie aan elkeen vir julle belangstelling, gebede en seënwense."





AANBIDDINGSMOMENTE

# Stilkerk by die Kweekskool



Die Stildiens (Sondae om 8h30 in die Kweeksool se kapel) bied 'n alternatiewe ruimte van aanbidding vir mense wat 'n behoefte het aan 'n meer kontemplatiewe spiritualiteit. Die Kweekskool se Kapel word die afgelope 20 jaar vir hierdie dienste gebruik. Die Stildiensgemeenskap het ontstaan as 'n uitvloeisel van die Sentrum vir Christelike Spiritualiteit toe dr Carel Anthonissen destyds die direkteur was. Hy het toe die leiding van die Stilkerk behartig. Na Carel se verhuising Hermanus toe, is Jan van Zyl, een van Moederkerk se leraars, gevra om die leiding te neem. Die Stilkerk "koop" sedert die begin van 2024 25% van Jan se tyd by Moederkerk vir sy dienste.

Die inkleding van die Stildiens se liturgie sluit in klassieke musiek, gedigte, 'n kort toeligting tot die teks en ruim stilte in vir oordenking en refleksie. Daar is elke week 'n ritueel waaraan lidmate deelneem. Dit word afgewissel: Tekens van die brood en wyn (Nagmaal), salwing (ontvang van 'n olie-kruis op jou hand of voorkop), die viering van die Lig (aansteek van kerse).

Die eenvoud van die liturgie, simboliek in die inkleding van die liturgiese ruimte en ruim stilte vir refleksie en meditasie is van die aspekte wat tot die deelnemers spreek.

Die dienste vind elke Sondag om 8:30 in die Kapel van die Kweekskool plaas. Die onderstaande gedig van Rumi is die Sondag na Paasfees gebruik vir 'n meditasiemoment.



*Jan van Zyl*

### "You wake the dead to life"

**Rumi,** translated by
Haleh Liza Gafori

*Listen:*
*You wake the dead to life,*
*you fountain of grace,*
*you fire in thickets of tangled thought.*

*Today you arrived beaming with laugh-ter—*
*that swinging key that unlocks prison doors.*

*You are hope's beating heart.*
*You are a doorway to the sun.*
*You are the one I seek and the one who seeks me.*
*Beginning and end.*

*You greet need with generous hands.*
*You flood us with spirit,*
*rising from the heart,*
*lifting thought.*

*Rare one, you reveal the pleasure*
*of wisdom and practice.*
*Beyond these, what is there*
*but excuses and deceit?*

*We lust after the afterlife.*
*We stew over trinkets.*
*We stage battles between black and white.*
*Our ears are plugged with twisted delusions.*

You carry the cure.



o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o

STOEPSTORIES

# Sterre met Sterte en Nonne wat Vlieg

**Annette Strauss vertel**: Dis Sondagmiddag en dis Desember. Die klein muisie speel met haar pop op die stoep terwyl die grootmense lekker koffie drink en gesèls. Hulle pratery vloei oor haar kop, maar die groot ore tel een vreemde woord op. Nadat die kuiermense weg is, vra sy: "Mamma, wat is 'n komeet?"



"Liefie, dis 'n ster met 'n stert."

Dis aand en sy kniel voor haar bedjie en bid: "Ek benne klein kindjie, Here maak my hartjie rein." Benne? Dalk moet dit *Bennie* wees. Sy ken vir Bennie. Hy is vyf dae jonger as sy en hulle is saam gedoop. Nou sal sy reg bid: "Here, maak die klein kindjie Bennie se hartjie rein."


Sy onthou die ster met 'n stert. Sy gaan na die venster, kniel en laat haar elmboë op die vensterbank rus en haar ken op haar palms. Sy kyk en kyk en kyk, maar sien nie 'n ster met 'n stert nie. Haar oë val toe en haar ken tref die vensterbank. Toe sien sy *baie* sterre met stertjies!

Dis oggend en sy ry op en af met haar driewiel op die paadjie tussen die stoep en die voorste hekkie. Dan gaan staan sy by die hekkie en kyk hoe die mense verbyloop.

Sy vlieg die huis in en roep: "Mamma, kom kyk na die twee groot pikkewyne!"

"Ai, Kindjie, dis nonne."

Die aand droom sy dat die pikkewyne haar jaag. Sy kan nie wegkom nie, maar skielik kan sy vlieg. Sy kyk om en sien dat die pikkewyne ook kan vlieg.



"Hartjie, hoekom woel jy so?" vra haar mamma. Sy vertel van haar droom en haar mamma sê dat sy nie vir nonne bang hoef te wees nie: hulle is gewone mense. Later sou sy hoor van suster Henriëtta Stockdale wat daar in hulle omgewing pionierswerk gedoen het om mense as verpleegsters op te lei.

*(Ek wonder net of Annette nie sélf dié "klein muisie" was nie? **Red**.)*

JEUGBEDIENING

# Tienerkerk floreer!

Die jaar het afgeskop met baie energie en groot momentum. Aktiwiteite het gewissel van 'n baie suksesvolle graad 11-kamp in McGregor se berge tot 'n baie besonderse belydenisaflegging vir die huidige matriekklas.

Ons droom en hoop vir die jaar is om jongmense te inspireer met die hoopvolle en goeie nuus van Jesus Christus, hulle te begelei op hul geloofspad en hulle te bemagtig om op hul eie manier die waardes van die koninkryk in hul konteks uit te leef.

Op enige gegewe Sondag is daar tussen 100 en 200 tieners wat die Tienerkerk-erediens bywoon. Die tieners het saam met die res van die gemeente deur die Sewe-weke reeks gereis.

Gedurende die tweede kwartaal is ons besig met 'n reeks oor die basiese boustene van die Christelike geloof (gebaseer op die Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis.)

Die belydenisklas neem ook deel aan die wêreldwye viering van die Belydenis van Nicéa se 1700ste jaar.

***Fourie Rossouw, Jeugleraar***



Belydenisklas klim berg





Laat daar lig wees!








**REDAKSIE**
Jo-Marie Claassen
021 883 2956
jmc@adept.co,za
Anna du Toit
021 855 2223
Marlene Cloete
021 887 2104
Irénée Heyns
083 461 8564

# Die Kategese-ontploffing

MOEDERKERK
KRUISKERK



Die Kategese-ontploffing in lewende lywe

## Anele Horn vertel:

Die begin van die skooljaar en aanvang van die Kinderbediening is elke jaar ‘n hoogtepunt in Moederkerk, en teen hierdie tyd weet ons al om vir groot getalle kinders reg te staan tydens kategese-registrasie. Niks kon ons egter voorberei het op die oorweldigende aantal kinders wat opgedaag het op 18 Januarie 2025 nie! Meer as 200 kinders het daardie Sondag deelgeneem aan sang, speletjies en die gepaardgaande onvermydelike chaos tydens die eerste Sondag van Moederkerk se kategese. Ons is so dankbaar vir die gemeentegroei wat deur die groei in kinderbywoning van kategese gedemonstreer word.

Daar was veral ’n groot toename in kleuters by die Hofmeyrsaal se informele diens. Dit was omtrént ’n drukgang van ouers en kleuters, en dit nogal veral in die warm somermaande. Hierdie groei het ons in staat gestel om vir die eerste keer ’n aparte graad R-kategeseklassie in die Kerkhuis te vestig. Dit het die druk in die Hofmeyrsaal se klassie verlig, maar bied ook vir ons graad R-kindertjies ’n unieke ervaring van Bybelonderrig wat op hulle vlak gemik is.

’n Verdere positiewe aspek is die toename in betrokkenheid van ouers by ons kinderbediening. Daar is tans meer as 45 kategete wat om die beurt op Sondae instaan by die verskillende graadgroepe se klasse. Danksy “DinkJeug,” die Wes-Kaapsinode se jeugbedieningspan, het ons wonderlike hulpmiddels ontvang om ons kategese nog meer interaktief, aktueel en prettig te maak.

Ons voel uiters bevoorreg en dankbaar om vir Ds Fourie Rossouw so nou betrokke by die Kinderbediening te hê. Die wyse waarop hy die belange van die kinders by die leraarspan verteenwoordig, het ons tydens die eerste kwartaal in staat gestel om, saam met die dienste vir volwassenes in die gemeente, die Sewe-weke preekrooster vir die kinders te kon aanbied. Ons is vol vertroue dat ons vanjaar sterk geloofsvorming tussen ouers en kinders gaan vestig deurdat noue bande gesmee word tussen die gemeente se eredienste en die kategesebediening.

Moederkerk se kinderbediening groei steeds!






Op pad na die kategese–klasse in die Kweekskool

# Kinderkaskenades



## Chippie moes trek!

Het jy die afgelope klompie Sondae gesien dat my akkerboom in stukke op die grond lê? Dis die boom wat langs die kerk gestaan het. My nessie was hoog op in die boom. So drie maande gelede het die wind so woes gewaai! Ek was bang ek val uit die boom uit! Toe gaan kruip ek weg onder die sementtafel voor die Kerkhuis. Dis waar hulle altyd Sondae tee en koffie bedien.

Ek het 'n héle nag daar gebly. Die volgende oggend het ek nog gewag. Later gaan loer ek maar. My boom het plat op die grond gelê. Toe hoor ek 'n vreeslike gezoem-lawaai. Omies in oorpakke was besig om my boom in stukke te saag. Ek kon sien party stukke was opgestapel, maar met ruimtes tussenin. Sou ek miskien binne een van die ruimtes kon slaap?




Daardie nag het ek probeer, maar dit was koud. Die wind het onderdeur die stapel ingewaai en ek het baie, baie koud gekry. Ek het gebibber! Brrrr!

Oupa Uil het my toe genooi om by hom in te trek. Maar sy huisie in 'n ander boom was té vér weg. Ek sou julle Sondagoggende mis.



Mamma Duif het toe haar nes aangebied. Haar kleintjies het so pas geleer vlieg en die nes was leeg. Maar 'n duifnessie bestaan mos net uit 'n paar stokkies op die sytakkie van 'n boom. Ek het een nag daar probeer slaap, maar die stokkies het my vrééslik gesteek.

Gelukkig kom Fanie Vink toe daar aan en sê hy moes twéé neste bou voor sy vroutjie Fienie Vink met haar huisie tevrede was. Ek kon die eerste een kry. Ek het maar liewer nie gesê haar naam moet eintlik "Fiemies" wees nie. En nou bly ek lekker in die vinknessie – die deurtjie is 'n bietjie knap, maar ek druk maar my lyfie plat en kruip daar in. Dit wieg lekker!

Ek was baie hartseer oor my huisie en oor die groot boom, maar Oupa Uil het my getroos. Hy sê Liewe Jesus het sy wonderlike huis in die hemel verlaat en op aarde kom woon, by ons en by die mense! Hy het 'n mens geword. Jesus het self gesê, "Jakkalse het gate, maar die Seun van die Mens het nie 'n plek om Sy kop neer te lê nie."

Ek is nou maar tevrede met my lekker vinkneshuisie, al moet ek vérder weg gaan soek vir lekker vet akkers .

Ek is nie al een wat swaargekry het nie. Oupa Uil sê daar is baie mense in ander dele van ons land wat ook hulle huise weens reën of wind verloor het, en hier in die Kaap verloor mense baie kere hulle huise weens brande. En hulle is té groot om in 'n vinknessie in te pas! Ek is eintlik baie geseënd. Bid vir al die huislose mense!

Groete,

**Chippie**

**Iets om te doen:** Teken 'n prentjie van Chippie wat by die vinknes se deurtjie uitloer en kleur dit mooi in. Vra vir Mamma om 'n foto van jou prent te neem en te epos aan my by jmc@adept.co.za. Dan plaas ons dit volgende kwartaal een Vrydag in die eNuus.

Lekker speel!

*Tannie Jo*